
## DIE GEBRUIK VAN GEKLEURDE MERKERS BY NAVORSING OP WATERVOËLS

DEUR: C. J. HEŸL (C.P.A.)
ANDRIES VENTER RES. STN.
STELLENBOSCH.

Die Department van Natuurbewaring van Kaapland is reeds vir 'n geruime tyd besig met die kunsmatige teel van inheemse watervoëls. 'n Studie is onlangs ingestel om te bepaal in welke mate hierdie voëls na loslating, aanpas by die natuurlike omgewing. Daar word veral klem gelê op oorlewingskoerse, beweging, broei asook die mate van terugbeweging na die loslatingsgebiede.



Gedurende 1971 is 292 Teeleende, Anas capensis, losgelaat op Rocherspan-natuurreservaat, Velddrif. Die voëls is met vlerkbande gemerk. Hoewel daar met behulp van hierdie merkmetode heelwat bruikbare inligting ingewin is, is daar ook 'n paar probleme ondervind. Die belangrikste is dat dit kan uitskeur, infeksie veroorsaak en meestal slegs van een kant af sigbaar is.

Gedurende 1972 is 'n soortgelyke projek ingestel. Hierby word daar egter van neusmerkers ("nasal saddles") as identifikasiemiddel gebruik gemaak. Hierdie tipe merkmetode word op 'n uitgebreide skaal in die V. S. A. gebruik. Die merker bestaan uit 'n

plastiekstrokie van ongeveer 3 cm., 'n vlekvrye staalpennetjie en twee vlekvrye staalwastertjies: die strokie word vasgehou deur die staalpennetjie wat deur die neusgate gaan (sien foto). Die kleure van die plastiek vir die mannetjies en wyfies is onderskeidelik groen en wit. Indien die son daarop skyn, is die groen merkers duidelik sigbaar met die blote oog tot op 'n afstand van ongeveer 35 tree; die wit merkers kan met gemak tot op 80 tree of selfs meer, gesien word. Nommers word op die plastiek ingebrand. Daarbenewens is alle voëls bering.

Laasgenoemde studie word ook uitgevoer op Teeleende losgelaat te Rocherspan. Die eende word op ongeveer 5 tot 6 weke ouderdom losgelaat, dus voordat hulle kan vlieg. Hierdie aspek is belangrik en van groot waarde omrede daar bewyse bestaan dat watervoëls geneig is om gedurende die broeiseisoen terug te keer tot die gebied waar hulle leer vlieg het. Die studie is dan ook veral gemik om meer lig te werp op die mate van seisoenale terugbeweging, asook die suksesvolheid ten opsigte van voortplanting van kunsmatig-geteelde watervoëls. Vir hierdie doeleindes is 4 kontrolegebiede in die Laer-Bergrivier uitgesoek. Wat bewegings na ander gebiede betref, sal daar in 'n groot mate staatgemaak word op inligting aan ons versteek deur die publiek asook lede van die S.A.V.V.